# CHRISTOF BERG



Christof se unieke musikale reis is niks minder as merkwaardig nie. Gebore in die herfs van '86 op n soutplaas in die Vrystaat in n kunstenaars-familie, was hy van jongs af blootgestel aan n andersoortige uitkyk op die lewe. In sy vormingsjare tree hy in as die plaaslike kerk se orrelis en in sy vroeë tiener-jare wen hy n internasionale klavier-kompetisie in Hollywood.

Later daardie jaar ontvang hy ook die premiers-toekennings van die Vrystaatse premier. Tenspyte van sy vroeë sukses, sou sy musikale loopbaan met n ompad kom. Na twee jaar in London, vestig hy homself as visuele-kunstenaar in Kaapstad, maar slegs n paar jaar later keer hy terug na sy eerste liefde, musiek, wat hom op eksotiese reise regoor die wereld, vol ryk invloede sou neem. Van luukse Europese skepe tot nagklubs en teaters in Ierland tot sover as die Midde- en Verre Ooste het Christof gehore wyd en syd vir die volgende vyf jaar betower.

In 2017 sluit hy by die gesogte musiekgroep, I'll quattro aan vir n ses maande toer in Mallorca, Spanje. Die selfde jaar stig hy Shades of Africa, n musikale ensamble wat so ver as Tanzanie en Zanzibar getoer het en ook plaaslik groot sukses behaal het in samewerking met simfonie-orkeste. Tans handhaaf Christof n skedule van kort internasionale toere, asook n toer deur die hele Suid Afrika. Onlangs het hy teruggekeer na die soutplaas waar hy gebore is, om sy eerste Afrikaanse album te skryf waarvan die eerste twee enkelsnitte reeds vrygestel is.

Sy behoefte om sy Afrikaanse album reeds daar op te neem is n bewys van sy diep verbintenis met sy wortels en erfenis. Christof se verhaal is een van artistieke verkenning, kulturele samesmelting en n vreeslose strewe na musikale uitdrukking..